

Graad 10

Droomdelwers

Deur: Ezilde Fouche (Hoërskool Parys)

KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae.

TEKSA

1.	Aan so 'n moontlikheid het sy glad nie gedink nie. Sy kyk hom vraend aan. "Die kantoor?"	1
2.	"Ek gun vir Lucia 'n bietjie vryheid. En ons almal is buitendien baie aan haar verskuldig ten opsigte van Sielie. Sy't hier aangekom op 'n vreemde plek met 'n vreemde kind in die huis."	5
3.	"Ek ... ken nie juis kantoorwerk nie."	
4.	"Jy sal gou leer. Lucia sal jou alles wys." Hy neem die laaste sluk van sy koffie en stoot die koppie terug. Sy stem is steeds sag wanneer hy weer praat. "Ek is dit aan jou ma verskuldig om jou weer op jou voete te help."	10
5.	"Dankie." Sy staan op en begin die leë koppies op die skinkbord te pak. Miskien is ek verkeerd oor hom, dink sy verward. Miskien het hy my al die tyd in Silwerkruis afgeskryf omdat hy maar net geglo het wat almal geglo het.	15
6.	Sy draai met die skinkbord terug van die deur af. "Oom Phil, ek wou nog vra. Daar was van ons meubels wat gestoor was, voordat ons Kleinkloof toe getrek het."	
7.	"Ek dog jy weet? Ons moes dit verkoop om van die skuld te delg. Ek het met die prokureur destyds gereël om die afskrifte van al die dokumentasie aan jou te stuur."	20
8.	"Daar het 'n paar maal goed gekom wat ek moes teken. Was ... was dit al die meubels, oom Phil?"	
9.	Hy knik.	
10.	"En my ma se orrel?"	
11.	Hy haal sy skouers op. "Dis nou maar een van daardie dinge."	25

- 1.1 Op watter vraag van oom Phil reageer Leendra in paragraaf 1? (1)
- 1.2 Wie is Lucia en hoekom sê oom Phil dat hulle baie aan haar ten opsigte van Sielie verskuldig is? (2)
- 1.3 Wat lei in paragraaf 5 tot Leendra se innerlike konflik? (1)
- 1.4 Leendra se aankoms op Soutmansdal skep spanning. Waarom is hierdie stelling waar? Noem TWEE redes vir jou antwoord. (2)
- 1.5 Oom Phil tree in TEKSA vaderlik op teenoor Leendra. Sal jy hierdie optrede in die lig van latere gebeure in die roman as ironies beskou? Motiveer jou antwoord. (2)

EN

Lees ook die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS B

1.	Sy loop vinnig verder. Toe sy onder in die dorp kom, wil sy nie huis toe gaan nie. Die bekende reuk van politoer walm tussen die kerkbanke op. Sy maak die orreltjie oop en soek die bekendheid van die vergeelde klawers wat onder haar vingers wegsink en die klanke optower. Oomblikke lank maak sy haar oë toe en hoor sy hoe haar ma speel. En sy sien die ou orrel daar in die eetkamer met die fyn houtsneewerk en die koperkandelare. Die bekende klanke van haar kleintyd laat die woede wegsmelt en vul haar met nostalgie.	1 5
2.	Wanneer sy ophou speel, praat Gerald Killian langs haar: "Nee, moenie ophou speel nie, want ek voel vanaand soos Saul wat Dawid se siter nodig het."	10
3.	Sy kyk hom vraend aan. Hy klink totaal gebroke: "Ek wou op Vlaktevei bly om my mense deur die moeilike tyd te help. Maar ek is geen leier nie. Ek beteken so min. Ek het nie antwoorde vir my mense nie. Ook nie vir myself nie. En dit voel asof God my verlaat het, want ek het boosheid in my hart."	15
4.	Watter boosheid kan so 'n man hoegenaamd in sy hart hê? Wonder sy met die respek wat sy van die begin af vir hom gehad het. "Ons is maar net mense, vader Gerald. Ons het almal sonde. En God weet dit."	
5.	Trane begin oor sy wange loop. "Dis die ergste van alles. Dat Hy dit weet." En dat Hy ook weet dat my sonde vir my so kosbaar is dat ek dit nie wil verloor nie."	20

- 1.6 Waarom het Leendra die vrymoedigheid gehad om in die kerk te gaan orrel speel? (1)
- 1.7 Die subtema van ontvlugting is by beide karakters se handeling in TEKS B van toepassing. Verduidelik waarom dit onderskeidelik vir elkeen van hierdie karakters waar is. Waarna is hulle eintlik opsoek? (3)
- 1.8 In reël 15 sê Gerald dat hy boosheid in sy hart het. Wat is hierdie boosheid waarna hy verwys? Noem TWEE redes waarom dit juis vir hom so 'n groot probleem is. (3)
- 1.9 Het jy enige simpatie vir Gerald se situasie? Motiveer jou antwoord. Hoe is die probleem uiteindelik opgelos? (2)
- 1.10 Het Gerald en Leendra 'n baie spesiale verhouding? Motiveer jou antwoord met DRIE bewyse. (3)
- 1.11 In reël 12 sê Gerald dat hy op Vlaktevei wou bly om sy mense te help. Hoe sluit hierdie woorde by die tema aan? Gee TWEE feite. (2)
- 1.12 Herlees TEKS A reëls 21 tot 25 en TEKS B reëls 1 tot 5. Gee die gemoedstemming van Leendra in die twee tekste onderskeidelik. Noem TWEE sake waarvan die orrel 'n simbool word. (4)

[25]

My Japan

Lees die onderstaande uittreksels uit die drama en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

TEKS A

Die lig verander. Tradisionele Japannese musiek speel, rustig en strelend. Ilse staan op en beweeg na links na haar plek, "Japan". **1**

54. ILSE: My naam is Amaja. "Nagreën" in Japannees. My pa is Marioka San. Hy's 'n kalligraaf, 'n meester van die kwas. Hy skryf met ink en waterverf op ryspapier, fyn soos 'n skilder. O so geduldig, presies, sonder om 'n druppel te mors. My ma is Jun. Dit beteken "gehoorsaam". Sy leer my hoe om eerbied te wys aan Marioka San. **5**

Terwyl Ilse praat, sien ons Marioka San wat plat gaan sit en met 'n kwas Japannese simbole skilder op groot velle papier. **10**

Jun kom in met delikate teegoed wat sy voor hom dek. Ilse gaan sit by hulle. Jun skink tee in die koppies, 'n hele ritueel. Hulle drink tee. Marioka San en Jun is tradisioneel geklee.

55. ILSE: Dis mooi hier, ver van die groot stad Tokio. Ek woon in Naka, 'n piepklein bergdorpie in die Tokusjina-provinsie aan die Ooskus. Hier's minder as 300 mense. Ek loop oor 'n houtbrug en 'n helder rivier vol visse skool toe. Een keer het 'n storm die brug weggespoel, seker Akashita se handewerk. Ons woon tussen twee hoë berge soos draketande en sien die son net vir 'n paar ure elke dag wanneer dit daar bo in die hemel sit soos 'n goue oog. **14**

56. MA: (af) Ilse!

57. ILSE: (gesteurd) Ruik die lente! Kersiebloeisels vol in die bome. Ons huis ruik soet van takkies wat in klein vase gerangskik is.

58. MA: (af) Gaan jy nie opstaan nie? Jy begin vandag rekord skryf! **25**

59. ILSE: Marioka San het my geleer om kalligrafie te doen. Jou gewrig moet soepel wees...

- 1.1 Hoe sluit TEKS A by die titel van die drama aan? (1)
- 1.2 In watter ruimte speel spreekbeurt 54 en 55 af? Gee TWEE redes waarom Ilse haar in hierdie ruimte bevind. (3)
- 1.3 Is die ruimtelike verwysing van Ilse in spreekbeurt 55 in ooreenstemming met die werklikheid? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.4 In die afloop (slot) van die verhaal kom Ilse tot die slotsom dat sy nie, soos sy haar in spreekbeurt 54 noem, Amaja, is nie. Tot watter DRIE ander insigte kom sy ook aan die einde van die drama? (3)
- 1.5 Herlees spreekbeurt 57. Was is die funksie van die neweteks in die spreekbeurt? (1)
- 1.6 Watter kontrasterende stemminge word in spreekbeurt 55 tot 59 onderskeidelik geskep? (2)

TEKS B

249. MA:	(af) Daaaanie!	1
250. ILSE:	Nee, nee, NEE! Ek het niks daarmee ... Hy't self die hekkie oopgemaak, altyd orig, self in daai stormwaterpyp gaan infoeter. Seker bang vir die weerlig. Hoe kan dit my skuld wees? (sy onderdruk 'n snik) Ek was so vaak gelees, Mamma.	5
<i>Die wind bedaar. Ilse staan op en beweeg stadig na haar Japan.</i>		
251. ILSE:	Miskien liewer ... ja ... liewer 'n Japannese spookstorie!	
<i>Die ma klop aan die kamerdeur.</i>		
252. MA:	Huiswerk of Sims jy, Ilse?	
253. ILSE:	Ek speel lankal nie meer Sims nie, Ma. Kom tog in.	10
254. MA:	Ons het toe Tshwane se rekening gekry. Groot geld.	
255. ILSE:	Waaroor nou weer?	
256. MA:	Om Pretorianers te paai oor die straatname wat verander.	
257. ILSE:	Ek gee nie juis om of dit Tshwane of Pretoria is nie. T laat my dink aan ... Tokio.	
258. MA:	Dan het jy seker weer met Engela geskype.	15
259. ILSE:	(botter smelt nie) Hoe't Ma geweet?	
260. MA:	My liewe broerskind smokkel met jou kop. Moenie jou drome uitverkoop nie.	
261. ILSE:	(liefies) Ag dankie, Moeksie. Sulke goeie raad. Verstaan ek reg? Ek mag maar my eie drome droom en niemand toelaat om in my pad te staan nie?	
262. MA:	(moeg, weet wat kom) Ja, ja. Jy maak wat jy wil, al sê ek wat. Al vra ek mooi, al smee ek.	20
263. ILSE:	Moet asseblief nie smee nie. Dit pas Ma nie. Probeer eerder boelie, nag en wat van 'n bietjie emosionele afpersing?	

- 1.7 Wat is die funksie van die neweteks in spreekbeurt 249? (1)
- 1.8 In TEKS B is daar duidelik spanning tussen Ilse en Mercia. Wat is die ooreenstemmende hooforsaak van hulle innerlike konflik? Hoe skakel die innerlike konflik om in uiterlike konflik? Noem TWEE voorbeelde. (3)
- 1.9 Ilse kom in spreekbeurt 250 tot die besef dat sy nie verantwoordelik gehou kan word vir Danie se dood nie. Was dit regverdig van Ma om Ilse "aanspreeklik te hou" vir Danie se dood? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.10 Herlees spreekbeurt 252 en 253. Watter TWEE afleidings kan jy maak rakende Ilse se woorde in verband met haar en haar ma se verhouding? (2)
- 1.11 Watter karaktereienskap van Ma kan uit spreekbeurt 254 afgelei word? (1)
- 1.12 Ma en Ilse het ten slotte wel hul probleme opgelos.
- 1.12.1 Watter handeling van Ilse en Ma onderskeidelik het aangetoon dat hulle geskille (probleme) opgelos is? (2)
- 1.12.2 Het hierdie handeling in 1.12.1 'n invloed op hulle verhouding gehad? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.13 Dink jy Ilse respekteer Ma se gevoelens in TEKS B? Motiveer jou antwoord. (1)
- 1.14 Herlees TEKS A spreekbeurt 56 tot 59 en TEKS B spreekbeurt 252 tot 257. Watter bewyse kan jy uit beide tekste aanvoer dat die kommunikasie tussen Ma en Ilse baie swak is? (2)

[25]

Lees en kyk: Letterkunde

Nasienriglyne

DROOMDELWERS		
Vraag	Antwoord	Punte
1.1	Hy het gevra of Leendra Lucia se kantoorwerk in die soutmyn sal oorneem. ✓	(1)
1.2	Lucia is Phil se vrou. ✓ Sy het Sielie se versorging oorgeneem nadat Leendra tronk toe is. / haar ouers se dood. ✓	(1) (1)
1.3	Oom Phil het nooit met haar kontak gemaak in die tronk nie, maar nou bied hy vir haar huisvesting/werk aan. ✓ <i>Die kandidaat bied albei dele van die konflik aan vir EEN punt.</i>	(1)
1.4	Leendra soek die waarheid oor haar ouers se dood. / Leendra streef na die bevryding wat vergifnis mag bring. / Leendra kom uit die tronk uit. ✓✓ <i>Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.</i>	(2)
1.5	Ja. 'n Mens verwag dat hy net in die beste belang van Leendra sal optree, maar later besef ons dat hy haar juis ingedoen het / verantwoordelik vir haar ouers se dood was. ✓✓ <i>Die kandidaat bied albei dele van die ironie vir EEN punt aan.</i>	(1)
1.6	Gerald het by 'n vorige geleentheid vir Leendra uitgenooi om op die kerk se orrel te gaan speel. ✓	(1)
1.7	Leendra vlug van die huis / vlug weg van haar gevoelens vir Samuel / verlang na haar ouers, terwyl Vader Gerald vlug vir sy gevoelens vir Rebekka. ✓ <i>Die kandidaat bied albei dele van die verskil vir EEN punt aan.</i> EN Hulle soek beide na vrede/vryheid/rustigheid/klarigheid/ oplossings. ✓	(1) (1)
1.8	Gerald is verlief op Rebekka. ✓ EN Hy voel skuldig, want hy is met Jamaina getroud. / Hy is die pastoor./'n man van God en dit sal hom van sy rein lewenspad afdwing. / Hy weet dis verkeerd. / Hy weet nie hoe om die situasie te hanteer nie. ✓✓ <i>Die kandidaat bied enige TWEE redes vir EEN punt elk aan.</i>	(1) (2)
1.9	Ja. Om op 'n ander vrou verlief te raak, terwyl jy getroud is, is 'n penarie. / Dit moet erg wees om jou in so 'n situasie te bevind. OF Nee. Gerald moes van beter geweet het as om toe te laat dat sy emosies die oorhand kry. / Hy behoort hom te skaam om op 'n ander vrou verlief te raak. ✓ <i>Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.</i> EN Rebecca sterf. ✓	(1) (1)

Lees en kyk: Letterkunde

1.14	TEKS A: Ilse leef in haar droomwêreld en hoor nie eers as Ma praat nie. ✓ TEKS B: Hulle ken nie mekaar se wêreld nie./Ma dink sy speel nog SIMS en Ilse kan nie onthou waaroor haar ma sakebesluite handel nie. ✓ <i>Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord aan vir EEN punt elk.</i>	(1) (1)	
		[25]	

My Japan			BARRETT SE TAKSONOMIE					MOEILIKHEIDSVLAK			
Vraag	Punte	Onderwerp	Letterlik	Herorganisasie	Afleiding	Evaluering	Waardering	Maklik	Medium	Moelik	
1.1	1	Verband - titel	1					1			
1.2	3	Ruimte	1		2			3			
1.3	1	Agtergrond/milieu		1				1			
1.4	3	Dramatiese struktuur			3					3	
1.5	1	Toneelaanwysings			1				1		
1.6	2	Stemming			2				2		
1.7	1	Toneelaanwysings			1			1			
1.8	3	Konflik		3				1	2		
1.9	1	Karakterisering					1	1			
1.1	2	Karakters				2			2		
1.11	1	Karaktereienskap			1					1	
1.12.1	2	Verband - handeling		2				2			
1.12.2	1	Verband - handeling				1				1	
1.13	1	Dialog					1		1		
1.14	2	Intrige - karakter		2					2		
25		TOTAAL/25	2	8	10	3	2	25	10	10	5
		TOTAAL /25		10	10	5					
		%		40%	40%	20%	100%	40%	40%	20%	
		% DOELWIT		40%	40%	20%		40%	40%	20%	